# VERSLEGTING VAN VOORRAAD AFDELING

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Verslegting van Voorraad wat veroorsaak word deur enige onvoorsiene fisieke verlies van of skade (nie andersins uitgesluit nie) aan Koelkamers.

## OMSKRYWINGS

**Koelkamers** sal beteken enige houer insluitend maar nie beperk nie tot, koelkamers, yskaste en vrieskaste (en hulle motors, kompressors, pompe, waaiers, kondensators, kontrolerings- en moniterinsapparaat of enige ander toerusting wat 'n integrale deel van die houer uitmaak en nodig is vir die behoorlike werking daarvan) op die Perseel waar sodanige houers die vermoë het om 'n konstante temperatuur te reguleer of te handhaaf ten einde Verslegting van die versekerde Voorraad te voorkom.

**Beheerde-atmosfeer Koelkamers** sal beteken 'n Koelkamer wat die vermenging of konsentrasie van gasse reguleer.

**Verslegting** sal verslegting, verrotting of besmetting van Voorraad insluit wat tot gevolg het dat dit nie meer geskik is vir menslike gebruik of vir sy bepaalde funksie of doel nie.

**Perseel** sal beperk wees tot die adres soos omskryf in die bylae van hierdie afdeling.

**Voorraad** sal beteken die inhoud soos in die bylae aangedui, wat die eiendom van die Versekerde is of waarvoor die Versekerde regtens aanspreeklik is terwyl dit in die Koelkamers op die Perseel gehou word.

**Wagtydperk** sal beteken daardie tydperiode onmiddellik opvolgend tot die beëindiging of onderbreking van verkoeling waartydens Verslegting nie sal plaasvind nie indien die Koelkamer geseël bly.

## SPESIFIEKE UITSLUITINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir:

1. verlies wat ontstaan gedurende die Wagtydperk soos in die bylae aangedui, tensy sodanige Verslegting veroorsaak word deur kontaminasie met die koelmiddel wat uitgelek het of toevallige bevriesing van goedere of tensy vars goedere wat nog nie die voorgeskrewe verkoelingstemperatuur bereik het nie daardeur geaffekteer word;
2. verlies van gebergde Voorraad wat voortspruit uit inkrimping, inherente defek of siektes, natuurlike Verslegting of natuurlike verrotting;
3. verlies wat voortspruit uit onbehoorlike berging, skade aan verpakkingsmateriaal, onvoldoende lugsirkulasie of wisseling in temperatuur;
4. verlies veroorsaak deur tydelike herstel van die Koelkamers, wat sonder die Maatskappy se toestemming uitgevoer is;
5. boetes vir vertraging, gevolglike verlies of skade of aanspreeklikheid van enige aard ook al;
6. verlies of skade regstreeks of onregstreeks veroorsaak deur of wat volg op of vererger word deur:
   (a) die opsetlike daad of growwe nalatigheid van die Versekerde of sy verteenwoordigers;
   (b) brand, weerlig, chemiese ontploffings, die blus van 'n brand of die daaropvolgende aftakeling,

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

lugvaartuie of ander lugtoestelle of voorwerpe wat daarvandaan val, diefstal of pogings daartoe, ineenstorting van geboue, vloed, oorstroming, aardbewing, insakking, grondverskuiwing, lawine, orkaan, sikloon, vulkaniese uitbarsting of ander natuurlike katastrofes.

# SPESIFIEKE VOORWAARDES

1. Die Voorraad word nie in Beheerde-atmosfeer Koelkamers geberg nie.
2. Die Voorraad moes in die Koelkamers geberg gewees het ten tyde van die verlies of skade.
3. Die versekerde bedrag moet gebaseer wees op die geskatte maksimum verkoopsprys wat verkry kan word vir die Voorraad gebaseer op die maksimum voorraad wat in die Koelkamer(s) geberg sal wees op enige enkele tydstip gedurende die versekeringstydperk. Die verantwoordelikheid berus by die Versekerde gedurende die versekeringstydperk om die Maatskappy skriftelik in kennis te stel indien 'n verhoging in die versekerde bedrag vereis word weens voorraadvlakke wat die versekerde bedrag oorskry. Verklarings wat ontvang word soos hieronder uiteengesit wat die versekerde bedrag oorskry, sal nie oorweeg word as 'n formele versoek om die versekerde bedrag te verhoog nie.
4. Die Versekerde sal skriftelik aan die Maatskappy die waarde van hulle Voorraad in die Koelkamers verklaar gebaseer op die verkoopsprys verkrygbaar vir sodanige Voorraad op die laaste dag van elke maand en sal sodanige verklaring binne 30 dae vanaf dié datum indien. Indien geen verklaring deur die Maatskappy vir 'n spesifieke maand ontvang is nie, sal die Maatskappy vir die doeleindes van die verklaring in 5 hieronder die versekerde bedrag soos wat geag word om verklaar te wees, gebruik.
5. Na elke versekeringstydperk (of na twaalf agtereenvolgende maande vanaf die intreedatum of hernuwingsdatum indien die polis deur middel van 'n debietorder op 'n maandelikse grondslag betaal word), sal die premie onderhewig aan 6 hieronder, herbereken word op die gemiddelde verklaarde bedrag, naamlik die totaal van die verklaarde waardes of wat veronderstel is om verklaar te wees, gedeel deur die aantal verklarings wat gemaak moes word. Indien die gevolglike premie verskil van die premie wat betaal is, sal die verskil aan die Versekerde terugbetaal word, maar die bedrag van die terugbetaling sal nie 50 persent van die oorspronklike premie wat betaal is, oorskry nie.
6. Enige verklarings ontvang wat die versekerde bedrag oorskry, sal in die boeke van die Maatskappy aangeteken word as beperk tot die versekerde bedrag soos vermeld in die bylae vir die bepaling van die gemiddelde verklaarde bedrag soos uiteengesit in 5 hierbo. Premie sal nie betaalbaar wees nie op daardie gedeelte van enige verklaring wat die versekerde bedrag oorskry.
7. Die Maatskappy sal in die geval van 'n verlies, ongeag die waarde van enige verklaring ontvang, nie aanspreeklik wees nie vir meer as die versekerde bedrag soos in die bylae vermeld.
8. Die Versekerde moet opgedateerde rekords (voorraadboeke) in stand hou waarin die tipe, hoeveelheid en waarde van die Voorraad wat in elke Koelkamer geberg word, aangeteken is.
9. Afskrifte van die voorraadboeke en maandelikse verklarings word as 'n integrale deel van die polis beskou.
10. Alle eise sal, onderhewig daaraan dat die versekerde bedrag nie oorskry word nie, geskik word op die basis van die waarde in die maandelikse verklaring (of die laaste inskrywing in die voorraadboek) onmiddellik voor die plaasvind van die verlies of die verkoopprys wat verkry kon word, watter ook al die minste is. Wanneer die skadeloosstelling bepaal word, sal die Maatskappy alle omstandighede in oorweging neem wat die bedrag van die skadeloosstelling kan beïnvloed, soos opbrengste uit 'n verkoping van die Voorraad asook gespaarde bergingskoste wat ontstaan uit die beëindiging van die berging.

    Indien daar na die plaasvind van 'n gedeeltelike verlies gevind word dat die laaste maandelikse verklaring voor die verlies minder is as die bedrag wat verklaar moes word, dan sal die bedrag wat verhaalbaar sou wees deur die Versekerde proporsioneel verminder word in die verhouding soos wat bestaan tussen die genoemde laaste maandelikse verklaring en die werklike bedrag wat verklaar moes word.

11. Indien sodanige Verslegting die wetlike vernietiging of verwydering van die Voorraad vereis alvorens die Maatskappy in staat sal wees om enige eis te ondersoek, moet 'n Afkeuringsertifikaat deur die Versekerde van die toepaslike Plaaslike Owerheid verkry word vir sodanige Voorraad om vernietig te word.

12. In gevalle waar dit veronderstel word dat die Verslegting die waarde van die Voorraad verminder het, moet redelike bewys van vermindering in waarde met betrekking tot sodanige Voorraad deur

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

die Versekerde ingedien word.

# VOORWAARDES

Indien dit in die bylae as van toepassing aangedui word, is dekking onderhewig aan:

## Outomatiese alarmstelsel

Dit is ‘n voorwaarde dat die Koelkamers aan ‘n outomaties alarmstelsel gekoppel is wat:

1. voltyds gemoniteer word sodat ‘n persoon alarm kan maak indien die temperatuur afwyk van die aanvaarbare parameters; of

2. ‘n outomatiese alarmsein uitstuur aan ten minste een van die Versekerde se permanente werknemers indien die temperatuur afwyk van die aanvaarbare parameters.

## Voortdurende toesig

Dit is ‘n voorwaarde dat die Koelkamer onderworpe is aan voltydse toesig deur gekwalifiseerde personeel.

## Volledige rugsteuntoerusting

Dit is ‘n voorwaarde dat die Versekerde ‘n volledige voorraad aanhou van enige werkende onderdele en komponente wat aan slytasie en brekasie onderworpe is, of wat gereelde diens en vervanging benodig, indien sodanige onderdele nie plaaslik geredelik beskikbaar is nie of indien dit langer as die Wagtydperk sal neem om te bekom.

## Bystandskragopwekker

Dit is ‘n voorwaarde dat ‘n bystandskragopwekker wat outomaties aanskakel wanneer daar ‘n onderbreking in die elektriese kragtoevoer is, by die perseel geïnstalleer moet word. Dit word gewaarborg dat sodanige kragopwekker ten minste elke twee weke getoets sal word en volledige gedetailleerde uitslae van sodanige toetse moet gehou en op versoek aan die Maatskappy beskikbaar gestel word.

## Temperatuurmetings

Dit is ‘n voorwaarde dat die Versekerde gedurende die hele bergingsperiode in ‘n aantekenregister notuleer die toestand van die versekerde Voorraad en ook ten minste drie temperatuurlesings per dag van elke Koelkamer.

## Verifikasie van Koelkamertemperatuur moniteringstoestelle

Dit is ‘n voorwaarde dat die akkuraatheid van die temperatuurmoniteringstoestelle wat deur die Versekerde gebruik word ten minste elke 14 dae deur middel van ‘n gekalibreerde, onafhanklike termometer as verwysing getoets word.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

# BYKOMENDE OPSIONELE DEKKING

## Verhoging in bedryfskoste (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Die bedrag betaalbaar sal bestaan uit die bykomende uitgawes wat noodsaaklikerwys en redelikerwys deur die Versekerde aangegaan is (insluitend koste aangegaan vir die verkryging van alternatiewe stoorfasiliteite) as ‘n direkte gevolg van:

1. Onvoorsiene fisiese verlies van of skade aan Koelkamers;

2. Onderbreking van die openbare kragtoevoer indien dit hieronder as verseker geselekteer is;

geheel en al en eksklusief aangegaan vir die doeleindes van voorkoming of verkleining van Verslegting van Voorraad maar nie vir meer nie as die minste van:

1. die bedrag wat andersins deur die Maatskappy betaalbaar sou gewees het vir die verslegte Voorraad, of

2. die versekerde bedrag soos in die bylae teenoor hierdie item aangedui;

met dien verstande dat die volgende verhoging in bedryfskoste nie gedek is nie:

1. enige uitgawes aangegaan na die skadeloosstellingstydperk soos aangedui in die bylae waar sodanige skadeloosstellingstydperk veronderstel word om te begin wanneer die onvoorsiene fisiese verlies van of skade aan Koelkamers plaasvind of indien verseker, die onderbreking van die openbare kragtoevoer;

2. enige uitgawes aangegaan gedurende die geeneis-tydperk soos in die bylae teenoor hierdie item aangedui.

## **Onderbreking van openbare kragvoorsiening** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Verslegting van Voorraad tot en met die Versekerde Bedrag soos aangedui in die bylae teenoor hierdie item, as gevolg van die algehele of gedeeltelike onderbreking van die openbare kragtoevoer na die Perseel van die Versekerde met dien verstande dat:

1. slegs aanhoudende onderbrekings wat langer duur as die tydperk in ure soos aangedui in die bylae, gedek is;
2. dit sal nie verlies dek nie wat regstreeks of onregstreeks veroorsaak is deur:
   - 2.1 droogte;
   - 2.2 besoedeling van water;
   - 2.3 tekort aan brandstof of water;
   - 2.4 ‘n defek op enige gedeelte van die installasie by die perseel wat aan die Versekerde behoort;
   - 2.5 die uitoefening van ‘n owerheid wat regtens gemagtig is om krag te voorsien, se reg om voorsiening te weerhou of te beperk tensy sodanige weerhouding of beperking regstreeks toegeskryf kan word aan skade aan die eiendom van sodanige owerheid.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik. Van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge